


**Sondag 9/4**

Paasfees

09:30 Erediens / Geen Kategese

Deuroffer: Getuienis / Biblia /

Hawesending / Seelui

**Sondag 16/4**

09:30 Erediens / Kategese opening

Deuroffer: Gemeente–ontwikkeling

Diensbeurt: Steen-boksrivier






DIENSNUUS

*Ons gee God se hoop en liefde aan*

## BAIE BELANGRIK

ONS SONOPKOMSDIENS DIE JAAR IS ANDERS - LAASJAAR HET ONS OP VAALPLAAS (KYK FOTO) 'N SONSOPKOMSDIENS GEHOU - DIE JAAR GAAN ONS NIE VAALPLAAS TOE NIE, ONS DOEN DIT OP 'N ANDER MANIER - LEES GERUS VERDER:





**<u>2023 PAASFEES OP MY EIE</u>**

ELKE GESIN, LIDMAAT OF GROEPIE WORD GENOOI OM:

PAASSONDAG OP TE STAAN SOOS MARIA (NIKS TE PRAAT MET NIEMAND)

STAP UIT EN GAAN SIT BY 'N PLEK WAAR JY NIE NORMAALWEG SIT NIE (GAAN NA JESUS)

HAAL 3X DIEP ASEM EN VRA GOD OM JOU HART STIL TE MAAK DEUR DIE GEES

LAAT TOE DAT DIE GENADE VAN PAASFEES JOU HART AANRAAK

(JY KAN VOORAF 'N LIED REGKRY OM TE LUISTER: LOUIS BRITTZ - GEKRUISIGDE HANDE - YOUTUBE)

PRAAT MET GOD OOR JOU LEWE EN SY OPDRAGTE VIR JOU VIR DIE JAAR WAT VOORLÊ

2024 VIER ONS DV WEER PAASFEES EN DAN KAN JY TERUGKYK NA DIE OPDRAGTE EN DAAROP ANTWOORD GEE (WAS JY GEHOORSAAM)

# Voorbidding

Ons dink aan Gavin Brink wie se pa oorlede is die week.

Serelda Bester
Proppie en Elzane Bothma se tweeling.

Ons dink aan Ounooi en Sam van Straaten met die afsterwe van Jan Hendrik hul seun.

**Die Heer het opgestaan, Hy het waarlik opgestaan.**

Met die woorde groet Chistene mekaar op Opstandingsondag. Paasfees vier ons 'n fees wat met diepe hartseer begin en dan oorspoel in vreugde bo ons verwagtig. Die wonderwerk van Jesus se graf wat leeg is.

Ons het tans skoolvakansie asook langnaweek – hier volg die Paasfeesweek se gebeure toe Jesus Jerusalem in gestap het en die skare Hom toegejuig het tot waar dieselfde skare skreeu: Kruisig Hom. Maar na die hartseer volg God se antwoord – Jesus lewe! Kom ons kyk terug oor die week se gebeure tot by Jesus se lewe!

- Laas **Sondag** – Joh 12:12-19 waar Jesus op 'n donkie die stad Jerusalem binne gery het.

  Ons hoor dat Jesus ook in ons **lewens instap** – soos net Hy dit kan doen – Hy maak 'n impak sonder om ons te domineer.
- **Maandag** – Ons lees dat Jesus die tempel gereinig het en ook die Vyeboom wat nie vrug gedra het nie vervloek het – wat het u Maandag wat verby is gedoen – hoeveel vrug dra ons vir God?
- **Dinsdag** – Jesus gee onderrig in die tempel (wat Hy die vorige dag skoongemaak het van handelaars) en antwoord vrae oor Sy gesag – hoekom Hy daar is. Het ons dalk Dinsdag iets geleer by Jesus?
- **Woensdag** – Judas tref reelings hoe en vir hoeveel hy Jesus sal verraai. Die voorbereiding vir

  Sy kruisiging begin. Wat het ons Woensdag gedoen? Judas kan maar maak wat hy wil God is in beheer.
- **Donderdag** – Die laaste maaltyd en die dissipels wat **spesiale** tyd saam met Christus spandeer. Ook sien ons die voorbeeld van hoe Jesus bid. Hy verstaan die plan wat Hy en Sy Vader gemaak het. Hy het die versoekings weerstaan en die plan geleef, maar nou lê die sterf deel voor, en dis nie maklik nie, Jesus weet wat dit van Hom fisies, emotioneel gaan vra en Hy praat met Sy Pa daaroor. Moeilike dinge met mekaar ernstig bespreek en mekaar ondersteun wanneer daar ondersteuning nodig is.
- **Vrydag** – Jesus word gekruisig, en ons het saam gehoor en gesien wat dit beteken saam gaan dink oor die implikasies vir my.
- **Stil Saterdag** – dink ons aan wat die dissipels moes deurgaan. Nadat hulle lewens deur Jesus so diep aangeraak en verander is, is Jesus weg…

**Sondag** – die graf is leeg - Jesus praat met die paartjie oppad na Emmaus…

Praat met God oor die lewensveranderende gebeure, en hoe dit jou lewe rig. **<u>Geseënde Paasfees</u>**